

# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 23 - nr. 32)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

6 Augustus 2023

**EREDIENS: dr. Petrus Venter**

**Erediens – 9h30**

**LITURGIESE GEGEWENS**

**Skriflesing: Mattheus 5: 1 - 12**

**Teks: Mattheus 5: 3- 12**

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 98:1, 2**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 100:1,2; Ps. 91:1, 6;  
Ps. 31:4, 15; Ps. 145:1,5**

## **DIE GRONDWET VAN GOD SE KONINKRYK**

**3 "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.**

**4 Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.**

**5 Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.**

**6 Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.**

**7 Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.**

**8 Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.**

**9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.**

**10 Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.**

**11 "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. 12 Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."**

**Vooraf sang: Ps. 98:1, 2**

**Ontmoetingsdiens**

Votum

Lofsang: Ps. 100: 1, 2

**Geloofsbelydenis**

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

**Verootmoediging en versoeningsdiens**

Wet

**Sing:**

Ps. 91: 1, 6

**Woorddiens**

**Gebed**

Sing: Ps. 31: 4, 15

**Skriflesing: Mattheus 5: 1 - 12**

**Teks: Mattheus 5: 3- 12**

**DIE GRONDWET VAN  
GOD SE KONINKRYK**

**Dankgebed**

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – DVB ( Diakonie)

By die deure – Sustentasië GKSA

**Slotsang**

**Sing-**

Ps. 146: 1, 3

**Wegsturseën**

## KOLLEKTES

### Sondag 6 Augustus 2023

In die banke: DVB (Diakonie) By die deure: Sustentasië (GKSA)

### Sondag 13 Augustus 2023 (Voorbereiding)

In die banke: DVB (Diakonie) By die deure: Emeritaatsfonds

**U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...**



Snap here to pay

SnapScan

## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 6 Augustus 2023 Wyk 6

Ouderling: Barend Snyman

Diaken: Wikus Pretorius

## VERJAARSDAE

8 Augustus Leilah Snyman

8 Augustus Mareli Vermeulen

10 Augustus Lizbe Nel Dinsdag

15 Augustus Ferdi Nel

15 Augustus Anita Pretorius

22 Augustus Nellie Badenhorst

24 Augustus Bettie Snyman

25 Augustus Hannatjie Schoeman

30 Augustus Johnny Coetzee

30 Augustus Hester Potgieter

31 Augustus Ina Snyman

Mag ons 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongesteld is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

Sr Magdalena Schoeman het nog 'n lang pad na herstel. Mag die Here haar in die tyd naby wees en haar ook genees en weer sterk maak.

Ons het ook die hartseer nuus verneem dat sr Lynn van Niekerk se pa onlangs oorlede is. Sy en haar gesin en geliefdes word die troos van die Heilige Gees toegebid.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R642 335-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R329 965-00
Totaal van dankoffers vir Julie 2023	R43 935-00
Totaal van dankoffers vir Augustus tot op hede	R13 130-00
Kermis inkomste vir 2023 (benaderd)	R220 000-00
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 229 127-71
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 262 182-08
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R572-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

## KATEGESE

Laerskool kategese. Laerskool katkisasie gaan vandag voort.

Ons Hoërskool -kattisante is daar op 1 Augustus 2023 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by <https://youtu.be/asH9aLXiUeU> Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Die volgende les sal DV weer op 15 Augustus opgeneem word.

## BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelheid toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

## PRETORIA FM OPNAMES

Pretoria FM het ons genader vir opnames van 'n erediens, Dagopening en Dagsluiting, Oggendoordenkings en Huisgodsdienste. In totaal het hulle 27 opnames van ons af nodig. Almal wat graag hierin wil help en van die opnames wil doen, kan asb. met dr. Petrus kontak. Hy sal ook in die tyd sommige van ons lidmate vra om tuis van die opnames te maak. Gewoon die opname op WhatsApp se opnemer kan ook werk. Besonderhede word op ons WhatsApp groep deurgegee.

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na [www.vsod.co.za](http://www.vsod.co.za). Op Facebook kan u gaan na [bit.ly/2OoU0nf](https://bit.ly/2OoU0nf)

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

## KERMIS

Almal wat vanjaar weer met ons jaarlikse kermis gehelp het, bydraes gegee het en boweal wat kon sorg dat dit weer goed kon verloop en daar hard saamgewerk kon word, hartlike dank. Dit bly 'n groot verantwoordelikheid elke jaar om dit te laat gebeur en ons is die Here dankbaar dat Hy ons weer in staat kon stel om dit te kon doen.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 13 Augustus 2023

Kerkraadsvergadering- 13 Augustus 2023

Dorkasvergadering- 13 Augustus 2023

Visitasie in gemeente- DV 6 September 2023

Besoek van Teol. Skool aan gemeentes in ons klassis DV 9-10 September 2023

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 23/7 en 30/7	<b>36, 37</b>
Kollekte 23/7 (Diakonie)	<b>R 1 005-00</b>
Kollekte 23/7 en 30/7 (Deure)	<b>R 471-00 en R 535-50</b>
Kollekte Dorkas susters 30/7	<b>R 872-50</b>
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



**Daar is nog heelwat wors in die kerk se vrieskaste beskikbaar. Snitte vleis is daar ook nog bietjie oor. U kan vir br Francois Marais nader as u van die wors/vleis wil aankoop. Hy is Woensdae nie beskikbaar nie en eerskomende Dinsdag het hy ook verlof versoek. Op enige van die ander dae is hy vanaf 8h30 tot net na 10h00 by kerk. Hy kan geskakel word by 076 612 2255. Of anders kan u dr. Petrus of sr Christine ook kontak as u op ander tye gehelp wil word. Petrus se nommer is 084 704 2348. Christine se nommer is 084 511 9620. Ons hoop dat ons spoedig die voorraad mag uitput?**

**Daar is maar één manier om uit te vind hoe sterk 'n boog is, en dit is om aan te hou met buig tot hy breek. So beproef 'n dwaas sy liggaam en siel. Hy sou die reënboog knak as hy hom in die hande kon kry (CJ Langenhoven).**